## Niewinsgewende organisasies lewer broodnodige hulp gedurende pandemie

**Anika Berning***

Daar het so baie uitdagings saam met die COVID-19-pandemie gekom wat ons almal op verskillende maniere raak. Die destabiliserende gevolge sluit in ’n plaaslike sowel as ’n wêreldwye ekonomiese inkrimping, armoede, werkloosheid, moontlike hongersnood en ongelykheid om maar ’n paar op te noem.

Gevolglik bevind baie mense regoor die wêreld hulleself op moedverloor se vlakte met ’n ernstige behoefte aan hulp. Hoewel die vernietiging wat COVID-19 veroorsaak het, ook ’n uitdaging vir humanitêre organisasies is, het dit weer eens die belangrike rol beklemtoon wat hulle veral in krisistye speel. Volgens die Verenigde Nasies (VN) “*het die gebrek aan toegang en die beperkings wat deur regerings wêreldwyd ingestel is, tot gevolg gehad dat gemeenskappe, burgerlike organisasies en nieregeringsorganisasies (NRO’s) die voorste linie van optrede is.*” Dit is dus nie ’n verrassing dat die VN se Wêreldhumanitêre dag (19 Augustus) hulde bring aan die verskillende groepe wat broodnodige hulp aan mense bied wat ernstig deur die pandemie geraak word nie.

Suid-Afrika se derde sektor is geen uitsondering nie. Met meer as 220 000 geregistreerde niewinsgewende organisasies (NPO’s) en talle gemeenskapsorganisasies (wat nie noodwendig by die departement van Maatskaplike Ontwikkeling geregistreer is nie), bly hierdie sektor vasberade in sy pogings om te verseker dat daar na die armes en maatskaplik-misplaasde gemeenskappe in hierdie uitdagende tye omgesien word. Hierdie organisasies verskaf ’n verskeidenheid dienste aan gemarginaliseerde gemeenskappe, terwyl hulle nagenoeg 800 000 werkers in diens het. Weens die pandemie en die staat van inperking wat ekonomiese uitdagings vir alle sektore van die samelewing meegebring het, verwag Suid-Afrikaanse NPO’s dat hul donasies en ander bronne van inkomste soos gelde ontvang vir die inwerkingstelling van regerings- en gemeenskapsprogramme, asook korporatiewe maatskaplike beleggingsprojekte, ingekort gaan kort. Volgens NGO Pulse gaan die oorlewing van baie NPO’s “*afhang van skerp leierskap en kreatiewe geldinsamelingspogings om die afskaling van werksaamhede of personeelafleggings te voorkom.*”

Daar is baie min navorsing beskikbaar om NPO’s se bydrae tot maatskaplike ontwikkeling te kwantifiseer. Die waarde van die dienste wat hierdie organisasies aan gemarginaliseerde gemeenskappe lewer, kan egter maklik uitgeken word aan die beskikbaarheid van byvoorbeeld voedselbanke, sopkombuise en gesondheidsorggeriewe in gebiede wat andersins vir die regering vergete sou wees. Dit is belangrik om daarop te let dat NPO’s in en grootte en vorm verskil en van mikro-vrywilligerorganisasies met beperkte bronne tot organisasies op voetsoolvlak wat ingebed is in gemeenskappe tot groter, meer professionele organisasies kan wissel wat breedvoerige en dikwels hoogsgespesialiseerde dienste lewer.

Die veteraan maatskaplike aktivis, Shelagh Gastrow, wys daarop dat die waarde van NPO’s volgens die volgende punte bepaal kan word:

- NPO’s lewer dienste wat die regering, en daarom die belastingbetalers, moeilik sal kan lewer. Net soos die handel en arbeidsmag, moet hulle as die regering en die burgerlike samelewing se vennote gesien word.

- Gemeenskapsgebaseerde NPO’s ondersteun sosiale kohesie deur mense te help om saam te werk, om hul behoeftes te bepaal en te verwoord, hul grondwetlike regte op te eis, met die owerhede in gesprek te tree en in tye van nood te mobiliseer. Gemeenskapsleiers kom gewoonlik gedurende hierdie prosesse na vore.

- NPO’s, veral die groter groepe met meer hulpbronne, speel ’n uiters belangrike rol in voorspraak. Hulle is in staat om deeglike navorsing te doen; nasionale, provinsiale en plaaslike beleidsformulering te beïnvloed; hulle kan vir verandering in wetgewing veg en regstappe doen.

Volgens die direkteur van die Social Change Assistance Trust, Joanne Harding, is die onbekendste waarde van NPO’s dat “*die … sektor is ’n reuseverskaffer van werksgeleenthede*” en dra direk tot ekonomiewe stimulasie en groei by. Ongelukkig hou COVID-19 baie onsekerheid in en sal dit in die voorsienbare toekoms waarskynlik ’n voortslepende bedreiging bly. Dit plaas NPO’s in ’n baie kwesbare posisie, veral ten opsigte van befondsing. Sommiges ondervind reeds ’n afname in befondsing, of vrees dat hul befondsing in die toekoms gesny gaan word, aangesien sommige plaaslike en internasionale befondsers hul finansiële steun weens die pandemie onttrek het. Dit lei tot bykomende werksverliese aangesien NPO-programme en die mense wat hulle in diens neem, grootliks van befondsing van eksterne bronne afhanklik is. Daarom moet NPO’s geldinsamelingsinisiatiewe ontwikkel en in werking stel terwyl hulle terselfdertyd noodsaaklike dienste in verskeie gemeenskappe lewer, met die hoop dat hulle nuwe skenkers sal vind.

Een voorbeeld is die uitstekende werk wat Mercy Aids in die Fisantekraal-omgewing naby Durbanville in die Wes-Kaap verrig. Hul belangrikste doelwit is “*om toe te sien dat daar op só ’n manier na alle kinders omgesien word dat hulle meer as genoeg geleentheid het om hul Godgegewe potensiaal te verwesenlik.*” Te midde van die COVID-19-pandemie is gestalte aan hierdie doelwit gegee deur voedselondersteuning aan die inwoners van Fisantekraal en Mercy Aids-vennote te verskaf deur middel van verskeie sopkombuise wat 4 000 mense per dag voed. Dit is egter net moontlik indien daar ’n konstante inkomstestroom van donasies is. Hierdie donasies word nou minder, wat maatskaplike en ekonomiese toestande vir die gemeenskap vererger. Hulle is tans met ’n permanente geldinsamelingsveldtog op Twitter, WhatsApp en ander sosialemediaplatforms besig om individue en sakeondernemings aan te moedig om tot hul werk by te dra en sodoende te help om die sopkombuise aan die gang te hou.

Met die rol wat NPO’s gedurende hierdie pandemie speel in gedagte, het hulle op Wêreldhumanitêre Dag ongetwyfeld ons ondersteuning en gebede, asook ons dankbaarheid baie nodig. Hoewel Suid-Afrika se derde sektor voortdurend as ’n lewensbelangrike rolspeler misken word – nie net in die land se ekonomie nie, maar ook die breër samelewing – bly NPO’s vasberade en vasbeslote om gedurende die ergste tye te volhard ten einde te verseker dat die maatskaplik-misplaasde mense nie vergete bly weens die regering se onvermoë om die kwessies van sosiale geregtigheid wat voortdurend in ons samelewing heers, aan te spreek nie. En daarvoor bedank ons hulle.

***Anika Berning is ’n dosent in die departement Ondernemingsbestuur aan die Universiteit Stellenbosch (US). Sy is ook die moduleleier vir Bestuursbeheer in NPO’s, wat deel uitmaak van die Nagraadse diploma in NPO-leierskapsontwikkeling wat deur die Universiteit Stellenbosch se Besigheidskool (USB) aangebied word. Sy is tans besig met haar PhD wat fokus op bestuurstelsels en strategie vir NPO’s in samewerking met die US en Vrije Universiteit in Amsterdam, Nederland. Sy het ook onlangs konsultasiedienste wat spesifiek op NPO’s en die versnelling van die maatskaplike sektor gemik is, bekend gestel.**